# Höerskool Reitz trots op hulle personeel



Mnr. Johan Broekman van Hoërskool Reitz, het na afloop van die Matriekeksamen die nommer een posisie in die Vrystaat behaal met die vak Landboubestuur.



Twee Gr. 12-onderwyseresse van Hoërskool Reitz spog met eerste plekke in die Vrystaat ná die 2018 Matriekuitslae. Van links is Me. Ria Barnard (Rekenaartoepassingstegnologie) en Me. Riana Terblanche (Toerisme en Gasvryheidstudies)




# Corli Swart vs Corli Swart

Hoërskool Heilbron spog met twee splinternuwe onderwyseresse. Op die foto verskyn Corli Swart en Corli Swart. Daar is geen drukfout met die name wat genoem is nie - albei juffies is Corli Swart! Corli Swart (links) is afkomstig van Frankfort en het in 2018 klaar studeer op Pukke in Potchefstroom. Sy gee reeds klas vir graad 4 tot graad 6. Corli Swart (regs) kom al die pad van Douglas af. Sy het op Pukke sowel as op Tukkies in Pretoria studeer. Sy gee klas vir graad 4 tot 9. Baie welkom aan albei van julle, mag julle vinnig tuis voel by die Bronnies.

# Hoërskool Wilgerivier atlete presteer



Op die foto's verskyn Hoërskool Wilgerivier se seuns- en dogtersspanne wat die B-afdeling tydens die Multi Green atletiekbyeenkoms gewen het. Hierdie spanne het vierde van 23 spanne geëindig. Baie geluk aan al die atlete.




Op die foto voor: Bernard Richter (borg), Elsje Giliomee, Hennie Pelster (skoolhoof), Melani Vlok (spanbestuurder) en Cobus Fivaz (borg). Agter: Rinnalize Pieterse, Diana Mouton, Marike Muller, Rihana Cilliers, Anta-mari van Rensburg, Mieke Roberts, Jonel v Rensburg, Jone Lange en Lene Muller.



Op die foto van voor: Bernard Richter (borg), Johnny Muller, Hennie Pelster (skoolhoof), Spanjool Wessels (spanbestuurder) en Cobus Fivaz (borg). Middel: Wilhelm Burger, Pieter Groenewald, Christiaan Muller, MT Steyn, Kutlwano Mofokeng en Andries Eygelaar. Agter: Kalli Nyakallo, HW Muller en Wernich Vlok.

# Bieliemieliefees



Die o/8-netbalspannetjie van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn het baie goed gevaar in hulle wedstryde tydens die VKB Bieliemieliefees. Hulle wen Harrismith 4 – 3, wen Marquard 6 - 0 en speel gelykop teen Heilbron 2 elk. Hulle is van links agter: Hannetjie Meiring, Sulandri Bornman, Leané Bam en Elzaan Mentz. Voor: Quanda van Schalkwyk en Mooko Tau. Afwesig: Lebohang Sompane.